
## 484 Voorwaarts Christenstryders



Nooit kan Satansbende
teen die kruis bestaan;
komaan, krygsgesante,
laat ons voorwaarts gaan!
Selfs die fondamente
van die hel sal beef;
Stryders, hef jul stemme,
laat jul loflied leef!
*Voorwaarts , Christenstryders,*
*voorwaarts, om te stry!*
*Laat die kruis van Jesus*
*in die strydperk lei!*

Soos 'n sterke mag
gaan Gods Kerk vooruit;
by die mart'laarskare
het ons aangesluit.
Een wil ons in strewe,
in gemeenskap wees,
in geloof en liefde;
hoopvol, sonder vrees.

Alle wêreldryke
gaan gewis verby,
maar die Kerk van Jesus
sal onwrikbaar bly;
nooit kan helse magte
teen sy Almag staan;
ons het sy belofte,
dié sal nooit vergaan!

Voorwaarts dan, getroues,
saam een blye skaar!
So word al ons stemme
in triomf gespaar:
"Glorie, roem en ere,
wil ons Jesus bring!"
So sal deur die eeue
mens en engel sing.

Sabine Baring-Gould (1824-1924) Arthur S. Sullivan (1842-1900)